

SiyanaZisa!

Volume 1 April 2011

Informing You

South African Board for
SHERIFFS
Upholding the Dignity of Those We Serve



276 VAKANTE BALJUPOSTE GAAN GEVUL WORD

Die departement van justisie het hom daartoe verbind om balju's aan te stel in die 276 vakante poste in reaksie op President Jacob Zuma se volksrede waarin hy werkskepping as 'n prioriteit vir 2011 uitgelig het. Sodra die suksesvolle kandidate aangestel is, sal hulle gevra word om aan die inleidingskursus vir balju's deel te neem. Hierdie kursus sal verseker dat die pas aangestelde balju's 'n duidelike begrip het van wat van hulle verwag sal word wanneer hulle die amp aanvaar. Volgens beplanning sal hierdie poste teen Junie 2011 gevul word. Datums vir die opleidingsprogram sal bekendgemaak word sodra die poste gevul is.

ADVISERENDE FORUM

Die SABFS het die stigting van die adviserende forum geïnisieer om 'n besprekingsforum vir die baljusektor, die Raad en belanghebbendes te skep. In die Raad se strategiese doelwitte vir die 2011-boekjaar word daar op hierdie inisiatief gefokus. Die eerste vergadering is vir 18 April 2011 in Kaapstad geskeduleer.

Die agenda sluit die volgende in:

1. Die Wet op Verbruikersbeskerming, nuwe regulasies: 1 April 2011
2. Reël 46 en die voorgestelde nuwe verkoopsvoorwaardes
3. Intervensies vir die bestryding van sindikate en bedrog in SIE's
4. Voorstel vir aanlyn-franchise om met advertering te help
5. AARTO

REËLVERANDERING TEN OPSIGTE VAN BESLAGLEGGING OP ROERENDE GOEDERE

No: R. 740 Titel: Wet op die Reëlsraad vir Gereguleerde (107/1985)

(7) (c) As die balju van mening is dat die waarde van die goedere waarop beslag gelê word, R5 000 oorskry, moet hy of sy dit in die een of ander plaaslike of ander koerant wat in die distrik versprei word, aandui en die eksekusiekrediteur versoek om die kennisgewing van verkoop in daardie koerant te publiseer nie later nie as tien dae voor die datum wat vir die verkoop aangewys is, ten einde aan paragraaf (b) te voldoen en hom of haar te voorsien van 'n kopie van die koerant waarin die publikasie verskyn het, nie later nie as die dag voor die datum van die verkoop.

VELD TOEG OM FASILITEERDERS TE WERF WAT SPREKERS VAN INHEEMSE AFRIKATALE IS

Die Suid-Afrikaanse Baljuraad werf fasiliteerders wat sprekers van inheemse Afrikatale is om sy opleidingsprogramme aan te bied, en is verbind tot transformasie en gelyke geleenthede vir almal. Die Raad se doelwit is om opleidingsprogramme te verskaf in dié tale wat in die onderskeie streke regdeur Suid-Afrika gepraat word.

BENADERING VAN GEEN VERDRAAGSAAMHEID VIR BEDROG

Versterking van die ondersoekafdeling

'n Hele paar ondersoek is gedurende die 2010/2011-boekjaar uitgevoer wat tot 'n aantal tugverhore aanleiding gegee het. "Dit is vir die Raad 'n aanduiding dat daar 'n behoefte aan beter beheermaatreëls by die baljukantore is," het die bestuurder: interne oudit in 'n verklaring laat blyk.

Mnr Maseko het dit ook duidelik gestel dat die Raad se benadering van geen verdraagsaamheid vir bedrog nie as 'n meganisme beskou moet word om die publiek te beskerm en eerlikheid en deursigtigheid op alle vlakke te bevorder.

AFSLAERSOPLEIDINGSKURSUS

Mnr Vincent Nel, Bestuurder: opleiding, ontwikkeling en kommunikasie, het met genoeë aangekondig: "Vir die eerste keer ooit gaan ons 'n afslaaersopleidingskursus aanbied." 'n Onafhanklike geakkrediteerde diensverskaffer, ATASA, is aangestel om aansoekers in hierdie interessante kursus op te lei. Dit sal in die middel van die week oor 'n tydperk van drie dae aangebied word. Diegene wat daarin belangstel, moet die aansoekvorm invul.

Verdere inligting oor die datum wat dit begin en die lokaal sal binnekort bekendgemaak word.

PRIMAK

Jongste kontakbesonderhede Primak trek op 1 April 2011. Die nuwe kontakbesonderhede is soos volg:

Straatadres:

Eerste Verdieping
Tygervalley Chambers Twee
Willie van Schoorrylaan 27
Tygervalley 7530

Posadres:

Posbus 3814
Tygervalley 7536
Telefoon: 021 945 4376
Faks: 021 949 9542

DANKIE VIR U REAKSIE

Ons wil almal bedank wat op die volgende gereageer het:

- Afslaaersvraelyste
- Algemene opleidingsvraelyste
- Aansoekvorms vir fasiliteerders

Hierdie vorms is per e-pos en pos uitgestuur asook per faks in 'n poging om die vorms vir almal toeganklik te maak. Op elke vorm verskyn die betrokke kontakbesonderhede vir navrae. Rig asseblief enige navrae aan die SABFS-kantoor by 021-462 3209. Weer eens baie dankie aan almal wat betyds gereageer het.

VAARWEL EN VOORSPOED

Die Raad het afskeid geneem van beide die uitvoerende bestuurder, Cheslan America (2010), en die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Baljuraad, regter Nathan Erasmus (Jan 2011). Ons wil hulle graag bedank vir hulle harde werk en bydrae tot die SABFS. Ons wens hulle alle voorspoed toe vir die toekoms toe.

Die minister van justisie en grondwetlike ontwikkeling, mnr Jeff Radebe, is steeds besig om die vul van die vakante pos van voorsitter van die Raad te oorweeg. Intussen neem me Charmaine Mabuza, balju in Nelspruit, die funksies van die voorsitter van die Raad waar. Die rol van waarnemende uitvoerende bestuurder word beklee deur Bongzi Luthuli wat ook die bestuurder: menslike hulpbronne en finansies is. Die Raad beoog om hierdie posisie teen Mei 2011 te vul.